

22

MARIA EN JESUS

Jesus se geboorte word aangekondig

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat Jesus se geboorte God se belofte is wat in vervulling gegaan het.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- dat Jesus die belofde Verlosser is; en
- wat dit beteken dat Jesus hulle verlos het.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees dat Jesus gebore is –

- om hulle van hulle sonde te verlos.

Vaardigheid

Die kinders moet vir hulle ouers vra dat hulle as gesin Kersfeespakkies met koekies of lekkers of enigiets anders moet maak en gaan afgee by die ouetehuis of weeshuis of sokkombuis, ensovoorts.

MEER INLIGTING (Lukas 1: 26-33)

In die tyd van die Bybel het die Jode geglo dat hulle alleen God se kinders mag wees. God sorg net vir hulle en vir niemand anders nie. Hulle het geglo dat mense van ander volke onrein was. Dit sou beteken dat sulke mense vir God onaanvaarbaar was en dat Hy nie vir hulle lief was nie. In die dorpie Nasaret, waar Jesus se ouers gewoon het en waar Hy grootgeword het, het daar tussen die Jode ook mense van ander volke gewoon. Daarom het die Jode wat in Jerusalem, die hoofstad van Israel, gewoon het, gesê dat Nasaret 'n onrein dorp was. Daar het te veel mense van ander volke na hulle sin gewoon. Niemand wat in Nasaret gewoon het, selfs nie die Jode nie, was volgens Jerusalem se mense vir God aanvaarbaar nie.

Op vrouens is in daardie tyd neergesien, en hulle mag nie in die openbaar iets gedoen of gesê het nie. 'n Man mag ook nie in die openbaar met 'n vreemde vrou gepraat het nie. Vrouens se plek was by die huis om na die huishoudelike sake om te sien en die gesin te versorg. Toe die geboorte van Jesus aangekondig is, het 'n engel van die Here aan 'n vrou verskyn. Haar naam was Maria. God het vrouens nie geminag of oor die hoof gesien nie.

Die feit dat Jesus se familie van Nasaret af kom en dat God deur 'n engel met die vrou Maria gepraat het, wys dat God juis aandag gee aan almal ongeag waar hulle vandaan kom of wat hulle status in die samelewing was – Hy het Hom juis met almal vereenselwig op wie daar neergesien is en wat deur ander geminag is. Dit het Jesus ook tydens sy lewe gedoen.

Toe die engel aan Maria verskyn het, stel hy haar gerus dat sy nie bang moet wees nie, want God het nie gekom om haar te veroordeel of te straf nie. Die engel het net gesê dat hy 'n baie belangrike boodskap kom aflewer. Sy gaan 'n seun hê en sy moet Hom Jesus noem.

Die naam Jesus was 'n baie algemene naam onder die Jode. Die naam Jesus beteken *God verlos* of *God red*. Daarom noem ons Jesus ook ons Verlosser of Redder.

Toe Jesus gebore is, het God, die Vader, sy belofte aan die mensdom nagekom dat Hy 'n Verlosser sou stuur. God, die Seun, word mens toe Jesus gebore is. Hy kom leef soos 'n mens tussen ander mense. Hy was voluit mens. Hy kry ook seer. Hy word ook bang. Hy word ook moeg. Hy huil. Hy word honger en kry dors. Dit wys vir ons dat Jesus 'n mens was net soos ons. Vir ons is dit 'n baie belangrike gebeurtenis. God, die Vader, het sy Seun, Jesus, met 'n spesifieke doel mens laat word. Jesus moes in ons plek kom staan. Daarom moes Hy voluit mens word soos ons. Dit is hoe sy verlossing gewerk het. In ons plek het Hy gestaan. In ons plek het Hy gely. In ons plek het Hy gesterf. In ons plek het Hy opgestaan uit die dood, en in ons plek is Hy hemel toe. Nou is ons verlos en het ons 'n plek in die hemel by God.

AANBIEDING

JY HET NODIG

- Die Bybel.
- A4-karton vir elke kind.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 542 hieronder as gebed, en as die lokaal dit toelaat, sing 'n Kerslied van die kinders se keuse.

*Jesus, ons loof U! Jesus, ons prys U!
Laat ons met eng'le 'n loflied sing –
nie meer verlore; U is gebore!
Ontvang die dank wat ons U bring!
Jesus, ons loof U! Jesus, ons prys U!
Neem U ons harte en maak dit rein
dat ons, gelowig, U dien met liefde –
ontvang die lof van kinders klein. Amen.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

God het baie lank gelede aan die mensdom die belofte gemaak dat Hy vir hulle 'n Verlosser gaan stuur. Hierdie Verlosser gaan hulle verlos van sonde en dood, en die ewige lewe vir hulle gee. Hierdie Verlosser is Jesus Christus. Met Kersfees herdenk ons Jesus se geboorte. God, die Seun, word mens toe Jesus gebore is. Hy kom leef soos 'n mens tussen ander mense. Hy was voluit mens. Hy kry seer, word ook bang en moeg. Hy huil, word honger, kry dors. Jesus was 'n mens net soos ons. Behalwe, Hy het nie gesondig nie. God, die Vader, het sy Seun, Jesus, met 'n spesifieke doel mens laat word. Jesus moes in ons plek kom staan. Daarom moes Hy voluit mens word soos ons. Dit is hoe ons verlossing gewerk het. In ons plek het Hy gestaan. In ons plek het Hy gely. In ons plek het Hy gesterf. In ons plek het Hy opgestaan uit die dood, en in ons plek is Hy hemel toe. Nou is ons verlos en het ons 'n plek in die hemel by God.

IETS INTERESSANT

Gaan die inhoud van MEER INLIGTING deeglik deur. Lees Lukas 1: 28-33 voor in die klas. Gebruik dan onderstaande hoofpunte om te verduidelik wat dit beteken as ons sê Jesus is ons Verlosser.

- Die Jode het gedink dat 'n mens deur jou goeie lewe verlos kan word.
- Hulle het op almal neergesien wat anders as hulle was en anders as hulle gedink het.
- Nasaret se mense was volgens hulle onrein.
- Vrouens is deur hulle verag, en vrouens se plek was by die huis.
- Jesus het gekom om almal te verlos wat sondig is en deur die samelewing geminag word.
- Toe Maria die engel sien, was sy bang: Sy het gedink God is nou hier om haar te straf vir haar sonde.
- Die teenoorgestelde het gebeur: Jesus kom aarde toe om ons te verlos van sonde.
- Die Naam Jesus beteken *Verlosser of God verlos of God red.*
- Jesus kom leef soos 'n mens tussen ander mense.
- Hy was voluit mens.
 - Hy kry seer.
 - Hy word dors.
 - Hy word bang.
 - Hy word moeg.
 - Hy word honger.
 - Hy huil.
- Dit wys vir ons dat Jesus 'n mens was net soos ons.
- Jesus moes mens word om in ons plek te kom staan.
- Hy moes in ons plek staan om ons sonde weg te vat.
- So het Jesus ons verlos:
 - In ons plek het Hy gestaan.
 - In ons plek het Hy gely.
 - In ons plek het Hy gesterf.
 - In ons plek het Hy opgestaan uit die dood.
 - In ons plek is Hy hemel toe.

NOU IS ONS VERLOS!


IETS BELANGRIK

Beklemtoon die volgende:

- Jesus Christus is gebore om ons te verlos van ons sonde.
- Jesus se geboorte is God se belofte van die Verlosser wat waar geword het.

IETS OM TE DOEN

Laat hulle die volgende blokraaisel invul, en help hulle waar nodig.



Dwars

1. Dorpie waar Jesus grootgeword het en waar sy ouers gewoon het. *Nasaret*.
2. Jesus het ons kom leer hoe om vir mekaar *lief* te wees.
3. Wie het Jesus se geboorte aangekondig? *Engel*.
4. Jesus het soos enige mens ook *moeg* geword.
5. In Jesus se tyd was 'n vrou se plek by die *huis*.
6. In die boodskap wat die engel aan Maria gegee het, het hy gesê dat God haar *begenadig* het.

Af

1. Maria kry die opdrag van God om haar Seun *Jesus* te noem.
2. Mense wat in Nasaret gewoon het, is as *onrein* beskou deur die Jode.
3. Jesus wys dat mense wat in die oë van die *samelewing* geminag is, vir Hom belangrik is.
4. Die Naam Jesus beteken *Verlosser*.
5. Die stad waar Jesus gebore is (Lukas 2: 4). *Betlehem*.
6. Wie was die koning tydens Jesus se geboorte? (Lukas 1: 5) *Herodes*.
7. Wie was Jesus se ma? *Maria*.

BY DIE HUIS

DOEN

- Gee vir elke kind 'n A4-karton.
- Laat hulle 'n prent gaan teken om te illustreer dat Jesus regtig mens was.

LEER

Laat hulle die volgende gaan leer:

So het Jesus ons verlos:

- In ons plek het Hy gestaan.
- In ons plek het Hy gely.
- In ons plek het Hy gesterf.
- In ons plek het Hy opgestaan uit die dood.
- In ons plek is Hy hemel toe.

NOU IS ONS VERLOS!

AFSLUITING

Sluit af met gebed.

VIR DIE KATEGEEET

- Reël met die predikant om volgende Sondag die klas by te woon en vir die kinders te vertel hoe daar te werk gegaan word om 'n preek te maak.
- Die predikant moet ook die Griekse en Hebreeuse tekste saambring en vir die kinders verduidelik hoe en hoekom dit gebruik word wanneer 'n predikant 'n preek voorberei.
- Die kinders moet daarop voorberei word dat hulle volgende Sondag moet neerskryf wat hulle uit die preek kan onthou.